

Bekendstelling PUK150 Fees

Uitnodiging aan Oudstudente van die P U vir C H O

Geagte ds, dr,

Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika herdenk vanjaar ons 150ste bestaansjaar in nederige dankbaarheid teenoor ons troue Verbondsgod.

Met die oprigting van die Teologiese Skool in 1869, is terselfdertyd besluit om “ ’n Literariese Departement” vir studente in ander studierigtings as Teologie op te rig. Hierdie besluit was die begin van die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die Teologiese Skool Potchefstroom herdenk die 150 jarige bestaan op gepaste wyse met verskeie feesgeleenthede. Onder andere het ’n fietstoer deur teologiese studente vanaf Burgersdorp na Potchefstroom gedurende Maart plaasgevind. Later vanjaar vind ’n feeskongres, galadinee, musiekuitvoerings, ens plaas.

Die Bestuur van die Noord-Wes Universiteit (wat onder andere uit die P U vir C H O gegroei het), het egter ten spyte van verskeie versoeke, besluit om nie op enige wyse betrokke te raak nie.

Daarom het ’n aantal oudstudente van die P U vir C H O besluit om as alumni ’n eie feesgeleentheid te reël om die seënryke geskiedenis van die afgelope 150 jaar te herdenk. Die fees word gereël vir 30 November 2019 in Potchefstroom.

Ons is bewus daarvan dat daar in baie lidmate van ons Afrikaanse kerke is wat ook oudstudente van die P U vir C H O is.

Hiermee versoek ons u vriendelik om die PUK150 Fees van 30 November 2019 aan hierdie lidmate in u gemeente bekend te stel, met die uitnodiging om dit in groot getalle by te woon.

Volledige inligting is beskikbaar op ons webadres (<https://puk150.co.za>). Daar is ook ’n skakel op die webadres waar oudstudente hulle kaartjies aanlyn kan koop om die fees by te woon.

Baie dankie vir u vriendelike aandag aan ons versoek.

Hartlike groete en seen toegebid op u werk.

Prof Callie Coetzee (callie.coetzee@nwu.ac.za / 082 337 7951)

Voorsitter - Reëlingskomitee, Puk150 Fees